

### HOOFSTUK 3

#### KLASSIFIKASIE

Koninkryk:	Animalia
Filum:	Chordata
Subfilum:	Vertebrata
Klas:	Mammalia
Subklas:	Theria
Infraklas:	Eutheria
Cohort:	Ferungulata
Superorde:	Ferae
Orde:	Carnivora
Superfamilie:	Feloidea
Familie:	Felidae
Genus:	<i>Acinonyx</i>
Spesie:	<i>jubatus</i>

Hierdie verhandeling is gebaseer op navorsing wat op die subspesie *Acinonyx jubatus jubatus* (Schreber, 1776) gedoen is.

Vir verwysing oor ander subspecies van *jubatus*, sien Smithers (1971).

Vanaf 1958 is daar van 'n sensusmetode gebruik gemaak om die getalle van groter roofdiere in die wildtuin te bepaal. Die metode is gebaseer op 'n roosterpatroon van getalbegrepinge waarby die hele wildtuin in arbitrêre blokke van 41,44 km<sup>2</sup> (16 vk myl) elk verdeel is. Elke blok het 'n kode, bestaande uit 'n numeriese asook 'n alfabetiese waarde. Met die waarneming van 'n roofdier word sy bloknommer asook die lokaliteit daarvan in die betrokke blok bepaal. Dit word gedoen deur gebruikmaking van erkende landmerke soos windpompe, damme, riviere ens.

Die nadeel van hierdie metode is dat die waardes wat so verkry word, onbekende dupliseringe tot gevolg mag hê en derhalwe geen werklike sensuswyser is nie.